

W.17 WATERHORINGBLAAR/WATER HORNWORT

(*Ceratophyllum demersum* L.)

Familie: Ceratophyllaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Waterhoringblaar is 'n wortellose onderwaterplant met dun, vertakte stingels tot 2 m lank. Die blare is donkergroen, styf, dubbelgevurk met 4 (selde 2, 3 of 5) smal lobbe met getande rande en is in digte kranse gerangskik, veral aan die

punte van die stingels is die blaarkranse dig saamgebondel en lyk dit soos die stert van 'n kat. Klein, groenerige wit blommetjies, sonder stele, kom in die oksels van die blare voor. Die smal, eiovormige vrugte met twee kort horings naby die basis, is ongeveer 5 mm lank en bevat 'n enkele saad.




Verwante spesies

Waterhoringblaar is die enigste verteenwoordiger van die familie in Suider-Afrika. Die plant word soms met spesies van *Myriophyllum*, soos waterduisendblaar, of *Najas pectinata* (watersaagblaar) verwar. Hierdie plante besit egter nie blare wat in kranse gerangskik is of wat smal, gevurkte (nie-draadagtige) segmente met getande rande het nie.

Verspreiding

Hierdie kosmopolitiese spesie is wydverspreid in Afrika. Dit is in Suider-Afrika hoofsaaklik vanaf die Caprivi, Botswana, Transvaal, die noordelike deel van die Vrystaat, die kus en die middellande van Natal en die suidelike en oostelike dele van die Kaap bekend.



Ekologie

Waterhoringblaar groei in stilstaande en stadig vloeiende water waar dit soms deur wortelagtige takke geanker word. Dit verdra braktoestande en kan in redelike swak lig groei. Die plant kan in voedingryke water baie vinnig vermeerder. Waterhoringblaar word dikwels saam met ander waterplante soos *Myriophyllum*

aquaticum (waterduisendblaar) en *Potamogeton crispus* (krulblaarfonteinkruid) aangetref.

Belangrikheid

Digte massas wat net onderkant die oppervlak van die water dryf kan probleme veroorsaak deur stroom- en kanaalvloeit te verhinder, terwyl hengel en watersport belemmer word.

Wetgewing

Daar is geen wetgewing vir die beheer van waterhoringblaar nie.

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van die Griekse woorde *ceratos* = horing; *phyllos* = blaar en *demersum* = onderwater, afgelei.

Spesienommer: 2516.000-00100

Literatuurverwysings

- BURKHALTER, A.P. ET AL., 1978. *Aquatic and wetland plants of Florida*. Tallahassee: Bureau of Aquatic Plant Research and Control.
- COOK, C.D.K., 1974. *Water plants of the world*. The Hague: Junk.
- HASLAM, S.M., SINKER, C.A. & WOLSELEY, P.A., 1975. British water plants. *Fld Stud.* 4: 243-351.
- MITCHELL, D.S. (ed.), 1974. *Aquatic vegetation and its use and control*. Paris: UNESCO.
- POLUNIN, O., 1969. *Flowers of Europe*. Oxford: Oxford University Press.
- SCULTHORPE, C.D., 1967. *The biology of aquatic vascular plants*. London: Edward Arnold.
- WILD, H., 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.